BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 06

Die geboorte van Jesus tot hemelvaart.

Voor sy hemelvaart het Jesus sy dissipels heelwat oor die Heilige Gees onderrig. So het Hy byvoorbeeld die twaalf apostels uitgestuur, maar hulle geleer wat hulle moes doen en wat met hulle sou gebeur na sy hemelvaart en die koms van die Heilige Gees. As hulle in die tyd oorgelewer word moet hulle nie bekommerd wees oor wat hulle moet sê nie. Die Heilige Gees sal aan hulle sê wat hulle moet praat [Matteus 10:19-20; vgl. Luk.12:12]. Later, in die profetiese rede, herhaal Jesus hierdie onderrig [Mark.13:11; Luk.21:15]. Veral in sy laaste gesprekke het Jesus hulle baie geleer oor die Heilige Gees en sy koms. In les 6 wil ons daaraan aandag gee.

1. LEES Johannes 7:39.
   Waarom was die Heilige Gees nog nie daar nie?

2. LEES Johannes 14:16,26; 15:26 en 16:7 uit die ou sowel as uit die nuwe Afrikaanse vertaling.
   Wat word die Heilige Gees in die twee onderskeie vertalings genoem? Watter vertaling is volgens u die meer korrekte?

3. LEES Johannes 14:16,26; 16:7.
   Wie stuur die Heilige Gees na Jesus se hemelvaart?

4. LEES Johannes 14:17; 15:26; 16:13 en 8:44.
   Die Heilige Gees staan teenoor Satan. Wat leer bogenoemde skrifgedeeltes ons oor elkeen?

Ons het reeds gewys op die intieme verbintenis tussen Jesus en die Heilige Gees. Jesus is met die Heilige Gees gedoop. Die Heilige Gees dryf Jesus uit in die woestyn. Jesus was met ander woorde vol van die Heilige Gees.

5. LEES die volgende skrifgedeeltes en kyk of u die verband kan vind:
   Johannes 14:6; 14:17; 17:17.

6. In die voorbereiding van die dissipels, praat Jesus ook nog oor die werk van die Heilige Gees in die wêreld.
   LEES Johannes 16:8-11.
   Wat is die groot werk van die Heilige Gees in die wêreld na Jesus se hemelvaart?

7. Watter werk doen die Heilige Gees volgens 1 Korintiërs 2:10-11?

In Les 7 staan ons stil by Pinkster self. Ons gee aandag aan die dissipels wat met die Gees gedoop word, en daarmee saam die groot gebeurtenis in Jerusalem.

B. ANTWOORDE.

1. Omdat die Here Jesus nog nie verheerlik was nie. Die verheerliking dui op sy hemelvaart.
2. Trooster en Voorspraak. Die Griekse woord wat gebruik word, het die grondbetekenis van iemand wat raad gee. So is die Heilige Gees beide 'n Voorspraak en 'n Trooster by die Vader vir ons in krisistye. Die grondbetekenis pleit vir beide vertalings.
3. Jesus en die Vader stuur die Heilige Gees.
4. Dit is opmerklik hoeveel keer die Heilige Gees die Gees van waarheid genoem word. Teenoor Hom staan Satan as die vader van die leuen en deur hom het die dood gekom. Teenoor Satan staan die Gees van waarheid deur Wie lewe kom.
5. Daar word in die drie skrifgedeeltes 'n band gelê tussen Jesus, die Heilige Gees en die Woord van God. Hulle drie is die Waarheid.
6. Hy sal die wêreld oortuig van **sonde**. Die groot sonde is om nie in Jesus Christus te glo nie. Die Heilige Gees oortuig ook van **geregtigheid**. Jesus is die Regverdige wat na die Vader mag gaan. Wie in Hom glo, ontvang ook geregtigheid en kan ook na die Vader gaan. Die Heilige Gees oortuig ook van **oordeel**. Hy oortuig dat die Satan reeds geoordeel is en dat die oordeel ook oor die ongelowige wêreld kom.

7. Hy deursoek die diepste geheimenisse van God. Die geheimenisse van God is Jesus se opstanding - met ander woorde: God se verlossingsplan. Die Heilige Gees openbaar dit aan ons. Indien jy in Jesus Christus glo, sal jy genoeg weet om verlos te word.

****